

Die Seën

Die inseëning van baba

Naam:.....

Geboortedag Datum Maand Jaar 20..... uur.....

Dorp Gedoop deur

Ek haal van die volgende woorde aan uit Deut.32:4 aan as volg:

Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond, ja almal hier vergader as getuie. Gee grootheid aan onse VADER! Die Rots, volkome is Sy werk, want al Sy weë is straf gerigte, 'n VADER van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy, verpletter die lendene van die wat teen Hom opstaan en Hom haat. Erken SY Seun YAH tans YAHUSHA. Kyk tog uit U Afgesonderde woning, uit die hemele neer, en seën die nuweling aan ons en sy ouers gegee.

Gebed van bereiding.

VADER ons bely en glo in U Seun YAHUAH dat Hy U Gesalfde is en dat Hy die enigste weg na U is. Dat Hy vir ons oortredinge kom sterf het as Losser aan 'n folterpaal; Wat weer opgestaan het uit die dode; Opgevaar het na die hemele en aan U regterhand sit.

Ons lê al ons rebellie en oortredinge voor U, en ons onderwerp onself aan U. Ons bely al ons wetsoortredinge voor U en vra vir U vergifnis wat ons gedoen het. Ons smeeek bevryding oor ons wat YAH reeds daar vir ons gestel het. Daarom 'o' VADER mag dit U behaag om ons aan te sien.

HalleluYAH

Ek het deur my vrou 'n ontvang, daarom die erkenning en vrymaking deur die geloof en dank aan VADER daarvoor. Ek en het van VADER ontvang waarvan ons weet dat alles aan HOM behoort. Dus behoort klein baba aan VADER, waarvan ons as ouers verantwoordelike is om vir VADER op te voed na die beste van ons vermoë. Met die voorreg het ons die versorging en vertroetel aan ons kindwat aan VADER behoort. Ons begeerte is om ons kind in te seën en name aan toe te voeg. Ons neem dus die seën van vandag as 'n seël op tot uitwysing dat aan VADER behoort *Joh. 6:27.. die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het VADER, dié VADER, verseël.*

Pa,

Ma,

Spreek die woorde met die olie op die kroontjie:

Ontvang die name, klein nuweling, deur jou ouers gegee.:

Naam.:

Ek spreek die volgende seëninge oor jou uit soos dit VADER behaag in Hand.3:26 VADER het, nadat Hy SY Kind YAHUSHA opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën ... Daarom ontvang ons die seën as 'n seël van VADER Joh.6:27.

- 1) Mag VADER jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos.
- 2) YAH sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig.
- 3) YAH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe laat gaan nie.
- 4) YAH sal die vrug van jou liggaam seën en oorvloedig gee die vrugte van jou land, jou koring, jou mos en jou olie, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee.
- 5) YAH sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie uitleen, maar self nie hoeft te leen nie.
- 6) YAH sal jou seën in al die werk van jou hand wat jy doen.
- 7) YAH sal met jou wees in die stad en Hy sal met jou wees in die veld.
- 8) YAH sal met jou wees in jou mandjie en jou bakskottel.
- 9) YAH seën jou by jou ingang, en jou uitgang.
- 10) YAH sal jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan.
- 11) YAH sal jou seën in die land wat Hy jou sal gee.
- 12) YAH sal die getal van jou dae vol maak.
- 13) YAH sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes.
- 14) YAH sal siektes uit jou midde verwyder, daar sal geen mis dragtige of onvrugbare in jou nageslag wees nie (Deut.28)

Ons sing 'n liedjie: Die hemelse venster staan ope.

Sluit met die seën in gebed Num. 6:25-27:

YAHUAH seën en bewaar jou;
 YAHUAH hou toesig oor jou;
 YAHUAH voed jou;
 YAHUAH rig Sy aangesig oor jou;
 YAHUAH skenk jou vrede.

Seën jou seun as huis verlater.

Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond. Gee grootheid aan onse VADER! Die Rots, volkome is Sy werk want al Sy weë is strafgerigte, 'n VADER van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy, verpletter die lendene van die wat teen Hom opstaan en Hom haat. Kyk tog uit U afgesonderde woning, uit die hemel, neer en seën my seun, 'n Sakser, 'n Yashar'EL, 'n Nasaréner, in dit wat U hom gaan gee, soos U aan ons vaders met 'n eed beloof het. Deut. 32:4

Gebed van bereiding.

VADER ons glo dat U Seun YAHUSHA dié Gesalfde is; Dat Hy die enigste weg na U is 'o' VADER; Dat Hy aan die folterpaal vir ons oortredinge gesterf het en weer opgestaan het uit die dood. Ek lê al my rebellie af en al my oortredinge; Ek onderwerp myself aan U 'o' VADER; Ek bely al my wetsoortredinge voor U; Ek vra vir vergifnis in enige wetsoortreding wat my aan 'n vloek blootstel of gestel het; Beskerm my van die gevolge van voorvaderlike oortredinge.

Met U wil en keuse 'o' VADER, vergewe ek die wat vra, wat my skade berokken het en seergemaak het; So vra ek VADER dat U my ook sal vergewe. Ek verwerp alle kontakte met enige okkultisme of sataniese dinge. Wys my enige voorwerpe uit sodat dit vernietig moet word. Ek kanselleer al Ha satan se aansprake op my. VADER ek vra dat U my sal beskerm teen alle vloeke wat na my toe kom. Ek vra dat U om my vry sal spreek teen enige vloek in my lewe. Ek smeeek beskerming in U Naam YAHUSHA "U Seun". Ek ontvang vrymaking in geloof en ek dank U daarvoor. VADER open my nou om U seën te ontvang op elke manier wat U dit wil gee.

Spreek die woorde:

- 1) Mag VADER jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorfloed van koring en mos.
- 2) YAH sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig.
- 3) YAH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe laat gaan nie.
- 4) YAH sal die vrug van jou liggaam seën en oorfloedig gee die vrugte van jou land, jou koring, jou mos en jou olie, die aandeel van jou beste en die aandeel van jou kleinvee.
- 5) YAH sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie uitleen, maar self nie hoef te leen nie.
- 6) YAH sal jou seën in al die werk van jou hand wat jy doen.
- 7) YAH sal met jou wees in die stad en Hy sal met jou wees in die veld.
- 8) YAH sal met jou wees in jou mandjie en jou bakskottel.

- 9) YAH seën jou by jou ingang, en jou uitgang.
- 10) YAH sal jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan.
- 11) YAH sal jou seën in die land wat Hy jou sal gee.
- 12) YAH sal die getal van jou dae vol maak.
- 13) YAH sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes.
- 14) YAH sal siektes uit jou midde verwyder, daar sal geen mis dragtige of onvrugbare in jou nageslag wees nie.

Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek!
 Luister na die gebooie van YAH jou Skepper, sodat Hy jou sal seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande. Jy moet YAH jou Skepper dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën. Feeste moet jy hou; drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van YAH jou Skepper verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode (*Pasga*) en op die fees van die weke (*Eerstelinge*) en op die Tabernakel (*Insamelings*) fees; en julle mag nie met leë hande voor die aangesig van VADER verskyn nie. Gedenk die Shabbatdag, dat jy dit Afsonder. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Shabbat van YAH jou Skepper; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Loop nooit agter ander gode aan om hulle te dien wat jy nie geken het nie. Jou naaste wat vyandig is teenoor jou moet jy liefhê; seën die wat vir jou vloek, doen goed aan die wat jou haat, en bid vir die wat jou beledig en jou vervolg. Gee aan elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie. Wees eensgesind, medelydend, vol broederliefde, ontferming en vriendelik. Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel. Weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle die seëninge kan beërwe. YAH sal jou bevestig soos Hy jou dit gesweer het as jy die gebooie van HOM hou en in Sy weë wandel. Jy mag nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek jou vandag beveel het.

Sluit met die woorde in *Num. 6:25–27*:

YAHUAH seën en bewaar jou;
 YAHUAH hou toesig oor jou;
 YAHUAH voed jou;
 YAHUAH rig Sy aangesig oor jou;
 YAHUAH skenk jou vrede.

HalleluYAH.